# ‘Ek was nog altyd ’n vrou’

**Tshiamo Modisane sê toe sy vyf jaar oud was, het sy reeds besef die biologiese en chemiese “wiskunde van my DNS” en haar seunslyf klop nie.**

**Oop Kaarte**
Murray La Vita



Die aanlyn onderhoud met Tshiamo Modisane, ’n vervaardiger, aktrise en mode-stilis, vind plaas teen die agtergrond van haar boek *I Am Tshiamo: My Transition to Self-acceptance and Womanhood*.

Modisane is in haar huis in Northriding, ’n noordelike voorstad van Johannesburg. Die vertrek waarin sy sit, is in skadu gehul en daarom is haar gesig nie duidelik sigbaar nie. Op foto’s van haar is dit egter duidelik dat sy ’n mooi vrou is. Volgens haar is sy in haar middel-30’s.

Op ’n tafeltjie langs haar is ’n rangskikking van droë blomme en ’n geraamde lyntekening van ’n naakte vrou sonder ’n kop.

“Ek het vir solank ek kan onthou nooit gemaklik gevoel in my lyf nie. Ek het altyd gevoel iets is nie reg nie en maak nie sin nie. Ek het nie gereageer soos alle ander kinders om my nie,” sê sy.

“Wanneer ek saam met my nefies was, was ek altyd baie beskermend teenoor my lyf en besig om weg te kruip. Ek het nooit daardie robuuste houding gehad wat die meeste seuns het nie.

“Ek het gevoel iets is afwesig en iets is nie waar dit veronderstel is om te wees nie; ook dat ék nie is waar ek veronderstel is om te wees nie.”

Modisane skryf as volg oor haar naam:

“I was given a boldly masculine first name at birth: Kgosietsile – a common Setswana name declaring ‘The king has arrived’. Therefore, my entrance into the world was heralded as the arrival of a king. I was the family’s heir and the one who would proudly carry the Modisane name forward.”

Sy sê dit was en is steeds ’n bittersoet uitdaging.

“Ek verstaan wat dit beteken om ’n eersgebore manlike kleinkind te wees. Vir my… ek kon myself nooit as iemand se pa sien nie… Ook om as die erfgenaam gebore te word is só, só swaar; daar word so baie van jou verwag.

“Ek het vir baie lank saamgespeel, want jy wil niemand teleurstel nie; jy wil nie spanning veroorsaak nie. Ek is grootgemaak met die idee dat kinders gesien en nie gehoor moet word nie.

“Ek wou my familie deurgaans trots maak, maar dit het beteken dat ek nie getrou is aan myself nie en myself nie eer nie.

“Een ding waaroor ek dankbaar is, is dat daardie naam, om groot te word met die naam Kgosi, wat koning beteken, my ’n sterk persona laat ontwikkel het. Daar is al vir my gesê ek het ’n baie kragtige houding en aura. Ek loop in ’n vertrek in en het ’n teenwoordigheid. Ek is koninklik. Ek is iémand.”

Op ses het sy uitgevind sy het ’n tweede naam, naamlik Tshiamo, wat beteken God se volle plan. Met hierdie naam kon sy haar meer vereenselwig en dit is ook wat sy haar alter ego genoem het.

“To cope with my anxiety, I developed an invisible alter ego whom I affectionately named Tshiamo.

“Tshiamo was everything I believed myself to be, but could not be, because of society and other constricting factors. She lived each minute of each day with me but would react to things differently. For Tshiamo, being ladylike and graceful was the closest thing to godliness […]”

Modisane was ’n baie nuuskierige kind.

“Maar mense soos ek het nie ’n kinderlewe nie, want jy is as kind so hipersensitief oor die wêreld rondom jou en hoe mense op jou reageer en jou waarneem. Jy probeer dus altyd om so klein en onsigbaar as moontlik te wees sodat jy nie aandag op jouself vestig nie.

“Ek het skool egter geniet… die kennis en om na die biblioteek te gaan en in ensiklopedieë naslaanwerk te doen. Eendag toe ek van die biblioteek af teruggestap, het hierdie seun saam met my begin stap en met my gesels. Ek het toe by die badkamer ingestap en iets het vir my gesê: Waak die deur toe. En ek belowe jou, soos wat ek gedraai het om die deur van die toilet te sluit het hy dit oopgeforseer en was hy óp my. Hy het hom teen my geskuur en probeer om my te klere af te pluk.”

Sy was in daardie stadium sowat 13 jaar oud.

“Ek onthou ek het net só magteloos gevoel… Ek het daarin geslaag om hom van my af weg te kry deur hom tussen sy bene te skop; daarna het ek weggehardloop. By die huis het ek in Dettol gebad omdat ek so vuil gevoel het.”

Dié insident was een van vele waar sy deur mans én vroue gemolesteer is. Modisane skryf:

“To date, I have suppressed more than five, and perhaps as many as eight, incidents of sexual assault, both because of fear, and fear of judgement from my family and society as a whole. I have been molested by close family members as well as by strangers, each time under the guise of ‘behavioural correction’, and while you might think all these acts were performed by men, some were, in fact, by women. To this day I cannot use a public bathroom without fearing that someone might pull me by my hair or drag me off my feet, so it baffles me when I read that ‘trans people want to rape our women and kids in the bathroom’ when, in fact, I have been raped in the male bathroom by a heterosexual, cis-gender-presenting boy.”

Volgens haar het dit haar lank geneem om sin te maak van die traumas “I have experienced at the hands of both genders, more so women, especially during my transition journey. I have spent the latter part of my life uncovering and understanding what it means to forgive – both the villains and that confused young child who wanted to live in the shadows.”


Modisane, wat in November 2022 geslagsbevestigingchirurgie ondergaan het, sê sy was nog altyd ’n vrou; sy beleef haarself as ’n heteroseksuele vrou.

“Ek kan nie sien waarom ek ’n voorvoegsel [soos ‘trans’] moet hê nie… met alle respek. Mense sê: ‘Ja, maar daar is soveel ander genders.’ Dit mag so wees, maar vir my… ek was nog altyd ’n vrou en vroulik.”

Die transformasieproses het groot eise aan haar gestel. Sy skryf:



Tshiamo Modisane het geen rolmodel gehad toe sy geslagsbevestigende chirurgie ondergaan het nie en daarom het sy ’n boek geskryf wat hopelik mense in ’n soortgelyke situasie kan help. Foto: MELINDA STUURMAN




**‘I am Tshiamo’ het onlangs by Penguin verskyn.**

“I cannot stress how scared I was about going under the knife for my reassignment surgery, or how paranoid about how much my life would change thereafter. But I was soothed by the inner voice that reminded me of how far I’d come and how unhappy I had been living each day as only a fragment of who I was.”

Haar fokus is nou om haarself met liefde en goedheid te koester.

“This is my way of letting that little misgendered child know that their life matters. Reassuring them that the shame they carried all through their life does come to an end, and that on the other side of shame is utter self-love, joy and appreciation. You see, even if I never find a partner who can celebrate who I am, I know that I will die in peace, as I celebrated myself. I believe true intimacy starts within.”

Ons praat oor pres. Donald Trump se uitvoerende bevele in Amerika waarvan trans en nie-binêre mense die teiken is en wat onder meer daarop ingestel is om “gender-ideologie uit te wis”.

“Dit wil voorkom of daar ’n dissosiasie is, asof trans mense nie as deel van die mensdom beskou word nie. Dít verhinder mense om werklik menslike ervarings te hê en om op ’n menslike wyse met mekaar om te gaan.

“Ek het nog altyd gesê trans is nie ál wat ek is nie; dit is net ’n deel. Ek is so baie dinge. En ek gee aan almal die geleentheid om my te leer ken. So, oordeel oor my nadat jy my en my hart leer ken het.

“Jy kan uit hoe mense praat en optree, agterkom wat hulle dink en wie hulle is en wat in hul hart aangaan. Dit is vir my belangrik, en dit is iets waaroor ek ook bid, om altyd liefde en goedheid en respek voorop te stel. Ek wil nooit enigiemand in ’n boksie plaas of teen hulle diskrimineer nie. Wanneer ek nie dinge verstaan nie, vra ek en ek is bereid om verkeerd bewys te word.

“So, hierdie nuwe Trump-administrasie weerhou mense daarvan om ménslike konneksies met mekaar te maak. Daar is so baie wonderlike dinge wat mense kan wees bo en behalwe om trans te wees of wat hul anatomie ook al mag wees.”

Modisane het nog nooit haar pa, ’n pastoor van Kwa-Thema en later Daveyton – ’n outoritêre figuur wat haar dikwels verneder en geboelie het – hoor sê hy is trots op haar nie.

“En dít is wat enige kind wil hê, om net te hoor: ‘Knap gedaan! Jou pogings word raakgesien en ek is trots op jou.’

“Dit voel nog altyd of die wenstreep die hele tyd verskuif word. Elke keer moes ek iets hoor soos: ‘Jy kon beter gevaar het’ of: ‘Het jy gesien so en so het dít gedoen?’

“Ná ’n ruk het ek opgehou om goedkeuring by hom te soek en het ek dinge begin doen wat mý gelukkig maak.”

Die rede waarom sy *I Am Tshiamo* geskryf het, is omdat daar nie vir háár rolmodelle was toe sy dit nodig gehad het nie. Sy wil met die boek daardie leemte vul.

“In die vroeë fases van my transisieproses was daar nie enige sterk, selfversekerde individu wat deur die proses is en wat vir my as ’n voorbeeld kon dien nie.”

Modisane praat oor die stigting wat sy op die been gebring het en wat na haar ma heet: die Linzy-Linsay Foundation.

“Ek wil daardeur ’n omgewing skep wat jong mense aanspoor om loopbane te hê, om vaardighede te hê, om nie van ’n man of enigiemand anders afhanklik te wees nie.

“Die hoofdoel van die stigting is om jong trans mense te help om ’n opvoeding te kry, aan hulle sielkundige hulp beskikbaar te stel, en hulle te help met die hormoonterapie, iets wat ’n mens jou hele lewe lank moet kry.

“Dit is belángrik om vaardighede te hê, om iets te hê wat jy aan die wêreld kan bied sodat – mag die Here dit behoede – indien Suid-Afrika byvoorbeeld soos Trump se Amerika word… Jy kan nie die feit dat ek ’n prokureur is van my wegneem nie, of ’n dokter – dít is my vaardigheid; dít is wat ek het. Dít is vir my die belangrike ding: Bo en behalwe wie jy is, is wat saak maak wat jy kan dóén.

“Ek glo ek is wesenlik ’n storieverteller, so ek wil stories deel en dinge skryf en baie mense bemagtig om dit te waag om hulself te wees.”

## Erkenning van mites kern van moderne denke

**Willem Louw, Bronberg**

Ek verwys na prof. Fransjohan Pretorius se rubriek – soos gewoonlik goed deurdink en gestaaf – “Só het Geloftedag ook ’n Sabbatsdag geword (05.03).

Die Afrikaner is/was in sy geskiedenis vasgevang in twee mites. Die eerste been van die twee is die mite(s) verbonde aan die Slag van Bloedrivier.

Die Slag van Bloedrivier is toegeweef in ’n menigte mites, waarvan die kernpunt die sogenaamde goddelike ingryping met die veldslag is.

Die goddelike ingryping rus weer swaar op die “gelofte” wat die veldslag voorafgegaan het en wat later aangewend is om die Afrikaner-volk aan die gelofte te (probeer) bind.

Die oorwinning by Bloedrivier is op sy beurt weer (veral ná 1938) tot ’n kernpunt in die ontwikkeling van Afrikaner-nasionalisme verhef.

Historici en krygskundiges is dit eens dat die oorwinning deur die Voortrekkers by Bloedrivier te danke was aan twee militêre faktore wat niks met ’n gelofte te doen het nie.

Ten eerste was die trekkers se wapentuig veel beter vir die aard van die veldslag as dié van die Zoeloes. Ten tweede het die Trekkers die voordeel gehad dat hulle die terrein bepaal het.

Daar was dus geen “goddelike ingryping” nie en dis ’n mite wat kunsmatig in stand gehou is.

Die tweede been van die mites is die maagdelike geboorte en al die mites oor die geboorte van Jesus.

Hoewel (die meeste) teoloë vandag dit eens is dat die maagdelike geboorte, die goddelike bevrugting, die wyse manne, die ster van Betlehem, die kindermoord, die trek na Egipte, ensovoorts, mites is, word dit nogtans deur die kerke in stand gehou.

Hierdie mite sal oor en oor as historiese gebeure en as die hoeksteen van die evangelie elke Kersdag van kansels af verkondig word.

Erken mites as mites en werklikhede as werklikhede. Dít is die kern van moderne denke.

## Victor Matfield kan by Schalk Burger gaan leer

**Robbie Robinson, Kuilsrivier**

Afrikaanse rugbykommentaar op TV wanneer die Stormers en die Bulle teen mekaar op Loftus Versfeld speel, is nou ’n regte pyniging.

Victor Matfield en John van Rensburg, veral Matfield, beplan in besonderhede hoe die Bulle moet speel. Moet hy nie net praat oor wat hy voor hom sien en nie tot vervelens toe partydigheid (raad) teenoor die Bulle uiter nie? Hy kan gerus leer by Schalk Burger.

## Jy SMS

**Stuur jou SMS na 36260. SMS’e wat die skrywer se naam bevat, kry voorkeur.**

- Afrikanervolk-tuisland?! Het die mense nou gek geraak? Ons Afrikaners moet aanvaar dat ons nie meer die alleenheersers van hierdie land is nie. Ons moet onsself handhaaf en onmisbaar maak te midde van die huidige bedeling. Ek weier om in selfbejammering te verval en eenkant in ’n hoekie te gaan woon. – *Tom*
- Daar kan objektief geen logiese, pragmatiese en sinvolle goeie rede wees waarom Wilgenhof se naam moet verander nie. Selfs die alumni-vereniging steun hierdie onsin. Daar was seker meer as net tabak in die vredespyp wat hulle met die US gerook het. Dit is ’n siekte in ons land om name te verander en niemand het nog ooit by naamsverandering baat gevind nie. Dis absolute gekheid. – *Johan Wepener, Durbanville*
- En om te dink pres. Donald Trump het nog nou die dag geparadeer met die Bybel hoog in die lug. Hy het miljoene geflous. Die duiwel is darem listig en hy doen sy werk met oorgawe. – *Delêne, Monte Vista*
- GEPF-pensioentrekkers se jaarlikse verhoging van 2,9% word luidens berigte bepaal deur die inflasiesyfer in November 2024. Verhogings in pensioentrekkers se mediesefondsbydraes, werklike inflasie op kos, vervoer, ensovoorts, word nie na gekyk nie. Wie is die Einsteins wat besluite neem vir die finansiële agteruitgang van ons GEPF-pensioentrekkers? – *Kenneth D. Rathenam*

## Jy op Facebook en Netwerk24

**Proteas-afrigter betreur sleutelpaaltjies in middel van kolfbeurt:**

- Jy kan nie net op die kolwers staatmaak nie. Boulers moes ook hul kant gebring het. Ongelukkig kan jy ook nie ’n vyfdaagse strategie volg in ’n eendagwedstryd nie. Swak bestuur en kapteinskap. – *Leon Laing*
- Die wedstryd is met die bal verloor, nie die kolf nie. Geen span kan 360 lopies jaag in ’n halfeindstryd nie. – *Perspektief*
- Die boulkeuses was weer eens swak – blameer die afrigter en kaptein. Boulers het toegelaat dat Nieu-Seeland ’n reusetelling opstel. Dit het druk op al ons kolwers geplaas en toe kolf Temba Bavuma nog asof hy in ’n toets speel. – *Niklasie-willie-kla*
- Het ons boulafrigter ooit op die hoogste vlak krieket gespeel? Geen streepballe is in die laaste 10 boulbeurte geboul nie. Dit is onverskoonbaar. – *Sus en Daan*
- Ons boulers was hopeloos. Swak afrigting of eerder geen. Marco Jansen was pateties. – *Wessie van Tshwane*
- Die probleem is dat boulers in plaaslike krieket glad nie op standaard is nie. Dit veroorsaak ’n vals idee van hoe goed ons kolwers werklik is. – *Hannes jg*


DIE BURGER
VRYDAG, 7 MAART 1975. SESTIGSTE JAARGANG. PRYS TIEN SENT.
Honderde mense maak sterwensoomblikke mee
NOG BERIGTE EN FOTO’S OP BL. 2, 3 EN 11
RHODESIË: 2 sterf in nuwe geweld
KREUPELE IN SKÊR-SAAK:
Moord ‚gekoop’ met beloftes
DIE aantreklike Marlene Lehnberg het Marthinus Charles Choegoe met allerlei beloftes omgekoop om die 48-jarige mev. Susanna Magdalena van der Linde te vermoor, volgens ’n verklaring. Die fyn, negentienjarige Lehnberg en die kreupel Choegoe het uiteindelik saam mev. Van der Linde koelbloedig vermoor nadat die bruinman se moed hom drie keer begewe het.

## 50 Jaar gelede | 7 Maart 1975

- **Moord ‘gekoop’ met beloftes:** Die aantreklike Marlene Lehnberg het Marthinus Charles Choegoe met allerlei beloftes omgekoop om die 48-jarige mev. Susanna Magdalena van der Linde te vermoor, volgens ’n verklaring wat Choegoe aan ’n landdros gedoen het. Die fyn, negentienjarige Lehnberg en die kreupel Choegoe het uiteindelik saam mev. Van der Linde koelbloedig vermoor nadat die bruinman se moed hom drie keer begewe het. As betaling het Lehnberg haar motor aan Choegoe beloof. Hy kon daarna ook met haar gemeenskap hê.
- **2 sterf in nuwe geweld:** Twee lede van die Rhodesiese veiligheidsmagte is vandeesweek dood in hernieude terroriste-aanvalle… Altesame 45 Rhodesiërs en 18 Suid-Afrikaanse polisiemanne het reeds hul lewe verloor in gevegte en 520 terroriste is reeds doodgeskiet.
- **Hotel in puin ná aanval deur terroriste:** Net ’n puinhoop is oor van die Savoy Hotel aan die seekant van Tel Aviv wat eergisternag deur agt Palestynse terroriste aangeval is. Veertien mense is dood in verwoede en verwoestende gevegte tot in die vroeë oggendure.
- **Grootse planne vir bruin stad:** Planne vir die aanlê van ’n bruin stad van miljoene rande is gister in Kaapstad deur mnr. J.J. Loots, Minister van Beplanning en die Omgewing, aangekondig. Dassenberg – dit is net ’n voorlopige naam vir die stad – sal 45 km noord van Kaapstad, naby die historiese dorpie Mamre, uit die sand en duine verrys… Die stad sal op ongekende skaal werksgeleenthede vir bruinmense skep.
- **Steentyd-stam nou 29 sterk:** Die Tasadaystam, wat vermoedelik 2 000 jaar lank van die beskawing afgesny was en tot onlangs nog soos in die Steentydperk geleef het, het aangegroei tot 29. Die stam is eers in 1971 in die reënwoude van die suidelike Filippyne ontdek. Sedertdien is twee seuns en ’n dogter al gebore.
- **Meer as 30 000 kom na SA:** Altesame 35 647 immigrante is in 1974 vir permanente verblyf in Suid-Afrika toegelaat. Van hulle was 24 936 van Europa, het mnr. Jannie Loots, die Minister van Statistiek, gister in die Volksraad in antwoord op ’n vraag gesê.